Kabouterliefde

H.H. KRYNAUW
Eastern Cape Education Department

(Vir Simone)

1. Die kabouter met die rooi-rooi pet
2. die kabouter met die geel hemp aan
3. het sy hart gistraand vir my gegee
4. en sy hemp is vir die maan

5. Die hoepelronde blou-blou lug
6. het kadoemps op die grond geval
7. hy't dit blink-blou in sy hand gerol
8. toe speel ons daarmee bal

kadoemps: klanknabootsing (onomatopee) van 'n valgeluid

kabouter *(gnome):* denk-beeldige grondmannetjie, aardgees wat die binnekant van die aarde en sy skatte kamma bewaar.

pet *(cap)*

gistraand *(last night):* moet "gisteraand" wees, digter gebruik elisie (weglating van lettergreep) t.w.v. die ritme.

hoepelrond *(round):* intensiewe vorm van rond versterk die ronde vorm van die lug

9. Die sterre met hul wit ligte
10. het geknipoog toe ons lag
11. hul't rondom ons in 'n kring getrek
12. soos 'n laer in die nag

geknipoog (*winked)*

laer *(perimeter camp)*: vergelyk met Voortrekkers wat waens in 'n laer, sirkel getrek het; mense dan veilig aan binnekant van waens.

13. Die aandblom het sy trom-trompet
14. geblaas in die warrelwindkring
15. die kalkoentjies met hul rooi mondjies
16. het die springkaan-wals gesing

warrelwindkring *(whirlwind):* stowwerige wind wat in sirkels waai, dwarrel

kalkoentjies: 'n tipe vetplant met belle soos die van 'n kalkoen *(turkey)*

sprinkaan *(grass-hopper)*: verwys na geluid wat sprinkaan maak deur sy agter-pote teen mekaar te skuur

17. Die maan met sy geel lyfie
18. het gaan plat lê op sy rug
19. hy’t gaan slaap by die gousblomme
20. met sy boepens in die lug

21. Die kabouter met die rooi-rooi hart
22. het dit self vir my gesê
23. hy’t die aardbol oor sy kop gegooi
24. o dis hier waar die liefde lê

aardbol (globe): vorm van die aarde

plat *(flat)*: op jou rug uitgestrek lê

gousblomme *(marigolds)*

boepens *(potbelly):* vorm van maag; hier beeld van die sekelmaan

Vrae en bespreking

1. **Kies die mees aanvaarbare opsie.**

A. Die gedig handel oor ’n kabouter wat verlief is.
B. Die gedig is ’n kinderverhaal wat die digter aan haar dogter opdra.
C. Die gedig is ’n kinderlike weergawe van ’n volwasse liefdesverhaal.
D. Die gedig is ’n kinderlike beskrywing van wat sal gebeur as kabouters te veel mag het.

2. **Wat is ’n ‘kabouter ’ en wat verstaan jy onder ‘kabouterliefde’?**

’n Kabouter is ’n denkbeeldige aardmannetjie. Kabouterliefde verwys na die fantasieagtigheid / sprokiesagtigheid wanneer mens verlief raak. Alles is oordrewe mooi en die werklikheid bestaan amper nie. Maar natuurlik is hierdie liefdesfase net so denkbeeldig soos ’n kabouter.

3. Die woorde 'rooi-rooi' word twee keer in die gedig gebruik. Haal die 2 s.nwe. wat hul beskryf aan. Waarom herhaal die digter die woorde? Is die kleur van enige belang?

'pet' (strofe 1) en 'hart' (strofe 6). Herhaling word altyd vir beklemtoning gebruik en hier beklemtoon dit die hartstog / liefde van die 2 geliefdes. Die beeld ontwikkel: in str. 1 word iets uiterliks beskryf (pet), maar in die laaste strofe is dit die kabouter se hart wat rooi-rooi is – die intensiteit van hartstog / liefde neem toe.

4. Watter ander kleure word in die gedig gebruik?

Geel en blou. Primêre kleure wat baie aantreklik vir 'n kind is. Sy vertel die verhaal vir haar dogter en daarom maak sy van tegnieke gebruik wat spesifiek die aandag van 'n kind sal hou. Ander tegnieke is: verkleinwoorde, klanknabootsing, klankherhaling, sinskonstruksies (bv. die voorsetsel konstruksies), kinderspel (speel bal; str. 2) en sprokieskarakters.

5. Wat beteken dit as jy vir iemand jou 'hart' gee (strofe 1)?

Jy gee jou liefde vir iemand / jy verklaar jou liefde vir iemand.

6. Hoe weet ons dat die kabouter nogal uitsonderlike magte het?

Hy rol die lug in sy hand voordat hulle daarmee bal speel (str. 2) en in die laaste strofe 'gooi' hy die aardbol oor sy kop. Die spreker idealiseer haar geliefde en gee aan hom onmoontlike magte. Dit is 'n kenmerk van verlief-wees : ons glo ons geliefdes is byna almagtig.

7. Verduidelik die vergelyking in die laaste twee reëls van strofe 3.

Die natuur (die 'sterre') speel saam om die liefde tussen die verliefdes te beskerm / beveilig.

8. Watter blomme word in die gedig genoem?

'aandblom', 'kalkoentjies' en 'gousblomme'. Beklemtoon die oordrewe skoonheid van die paartjie se liefde … alles wat mooi in die natuur is, speel saam om hul liefde nog mooier te laat voorkom.

9. Kies die mees aanvaarbare opsie: Die beeld van die maan wat met sy boeppens in die lug plat op sy rug lê en slaap, verwys op 'n simboliese vlak na:

A. hoe die natuur saamspeel om die idilliese van die liefde te verbeeld
B. hoe die maan met die oordrewe verliefdheid van die geliefdes verveeld geraak het
C. die sekelmaan in die lug
D. hoe die maan omgekeerd voorkom omdat die kabouter die 'aardbol oor sy kop gegooi het' (strofe 6)

10. Dink jy hierdie liefdesverhouding het enige kans op oorlewing? Motiveer jou antwoord.

Hierdie fase van oordrewe verliefdheid sal een of ander tyd oorwaai, want geen mens kan dit volhou nie. Dan sal die liefde tussen die verliefdes getoets word en afhangende daarvan sal hul verhouding voortgaan of tot 'n einde kom.